Hersiening (p. 72)

## Antwoorde

1. a) enkelvoudig – een gesegde: is  b) enkelvoudige sin – een gesegde: sien (2)
2. Albei sinne het slegs een gesegde. (1)
3. a) onderwerp – Ek
   b) gesegde – sien
   c) voorwerp – my kinders
   d) bywoordelike bepaling – sowat een maal per jaar (4)
4. a) simpleks  b) kompleks
   c) simpleks  d) simpleks (4)
5. gesinsgenote (1)
6. a) stam: dank + agtervoegsel: -baar
   b) stam: bind + voor- en agtervoegsels: ver- en -ing
   c) stam: maklik + agtervoegsel: -er (3)
7. "te behou" (1)
8. elektroniese pos (1)
9. SMS (1)
10. a) hedendaags/tans  b) selde (2)
11. Dat die pos baie stadig "beweeg", hul bestemming bereik; gewone posdiens (1)
12. a) tegniese  b) tegniek
    c) tegnikus  d) tegnologie
    e) Tegnologie (5)
13. vêr (1)
14. Dit is eiename. (2)
15. Dit is 'n ander manier van kommunikeer as direk by mekaar staan en praat. (1)

**Totaal: 30**

Bl. 76 A en B

**Post-lees: Verstaan die teks**

**a. Bespreek die kenmerke van die tekssoort**

1. a) Bizzie Lizzie
   b) Dis 'n bynaam. Rubriekskrywers gebruik soms byname/skuilname.
2. a) Subjektief, want die skrywer se eie gevoelens, opvattings en ervarings kom sterk na vore.
   b) 'n Koerantberig se taalgebruik is meer formeel, glad nie emosioneel nie en gee bloot feite weer. In 'n rubriek laat die skrywer sy of haar persoonlikheid geld; dus is daar ruimte vir informele en emotiewe taalgebruik.
3. 'n Rubriek stem baie ooreen met 'n essay. 'n Essay is "'n prosageskrif waarin 'n letterkundige, sosiale, estetiese of politieke onderwerp op subjektiewe, artistieke wyse behandel word" (*HAT*). Die skrywer probeer die leser oorhaal om sy of haar sienswyse aan te neem. Ooreenkomste: albei is subjektief. Verskille: rubriek is minder formeel, 'n essay kan redelik onpersoonlik oor 'n sekere saak betoog en argumenteer. 'n Rubriek sal in 'n kommersiële tydskrif of koerant verskyn, terwyl 'n essay in vakkundige tydskrifte voorkom.

**b. Beantwoord die volgende begripsvrae oor teks 1**

1. Bankteller, kroepier, straatveër, sjef, kelner, sweefstokartieste, vensterwassers, tennisspeler, gimnas, musikant, danser, verkeersman, bloemis, kleuteronderwyser, worsmaker.
2. Dis die vermoë van spiere om sterker te word deur herhaling en dus dieselfde aksie al beter en beter te kan uitvoer, asof die spiere die aksie onthou.
3. dobbelaars
   Bring dit onder die leerders se aandag dat, as 'n aanhaling vereis word of 'n bewys uit die teks gevra word, soos in die volgende twee antwoorde, aanhalingstekens noodsaaklik is.
4. "My kombuis-fobiese vingers" – Sy is nie iemand wat graag kook nie.
5. "oënskynlik patetiese kontrepsie"
6. a) Die danser kan in die lug bly asof swaartekrag nie 'n uitwerking het nie.
7. "matelose"
8. Die skrywer het gedink om 'n worskoning te wees, vereis nie die soort gespesialiseerde vaardigheid wat met 'n kroning as koning erkenning hoef te kry nie.
9. Mense wat regtig talentvol en suksesvol is, loop nie en spog oor hulself nie. Hulle is nederig.
10. Soek na die talente wat die mense om jou het.

## Aktiwiteit 4: Taal in konteks — LB bladsy 77

1. a) Iets wat elke dag gebeur, gebeur daagliks.
   b) Iemand wat 'n salaris verdien, word maandeliks betaal.
2. Die bankteller se blitsvinnige vingers laat die tellery doodmaklik lyk.
3. Ek kan nie dinge wat onduidelik is stresloos hanteer nie.
4. a) vergeet – onthou; talente – onvermoë; waardeer – op prys stel
   b) Enkelvoudig, want daar is een gesegde.

## Teks 2: 'n Uittreksel uit 'n jeugroman — LB bladsy 78

### Riglyne vir onderrig

Die belangrikste elemente by die ontleding van 'n roman word in die Leerderboek genoem.

In *Suurlemoen*, 'n tipiese jeugroman, waarin 'n onderwyser 'n medewerker word van vier hoërskoolleerders wat 'n orkes (*band*) vorm, is die karakterisering, storielyn en aanbieding uiters geskik vir jong tieners. Die eerstepersoonsverteller plaas die kollig op die beskeie Tiaan en sy sin vir humor dra baie by tot die toeganklikheid van die boek vir leerders.

## Taalfokus 1: Eiename, geslag en voornaamwoorde — LB bladsy 79

### Antwoorde

1. a) Juffrou De Vries het mnr. De Villiers gevra of ons na die Olimpiese Spele kan kyk. (As die titel deur 'n naam gevolg word, voor die van, kry die "de" of "van" nie 'n hoofletter nie, bv. meneer Piet de Wet of mevrou Karien van Niekerk).
   b) Die Arbeidersparty in Engeland voel ernstig oor die saak.
   c) Geagte meneer Du Preez, baie welkom by Laerskool Welgemoed.
2. a) Die regisseuse was baie tevrede met die sebrahings in die advertensie.
   b) In daardie toneel is die bruidegom op die punt om in die visdam te val en die strooimeisie kyk weg van die kamera na rooibokramme wat wei.
   Hier val die klem op aanwysende en betreklike voornaamwoorde.
3. a) Die aktrise van wie (betreklike vnw.) jy gepraat het, was daardie (aanwysende vnw.) aand op dieselfde (aanwysende vnw.) partytjie wat (betreklike vnw.) sulke (aanwysende vnw.) opslae gemaak het.
   b) Is dit waar dat die kussing waarin (betreklike vnw.) jy dié (aanwysende vnw.) ring gevind het, uit 'n hotel gesteel is?

## Taalfokus 2: Direkte en indirekte rede — LB bladsy 80

Hier val die klem op direkte en indirekte rede onderskeidelik. Gebruik eie diskresie. Die antwoorde is bloot voorstelle.

### Antwoorde

4. a) "Magtig, hoekom is jy al weer laat?" vra mnr. Hanekom. Irritasie/woede, ens.
   b) "Ek kan my oë nie glo nie!" het André geroep. Verbasing/opgewondenheid/ontsteltenis/vreugde/skok
   c) "Ons het gewen!" skree die span. Blydskap/leedvermaak
   d) "Eina!" het Emile geroep. Ontsteltenis/pyn
   e) "O hemel, nou is ek in die moeilikheid!"snik Beatrice. Paniek/vrees/angstigheid

5. a) Met 'n uitroep van irritasie vra mnr. Hanekom hoekom ek/hy/sy al weer laat is.
   b) Anneline <u>het</u> geskok <u>geroep</u> dat sy haar oë nie <u>kon</u> glo nie. (As die inleidende woord in die verlede tyd is (bv. het gesê, het gevra, wou weet of) word die werkwoorde in die sin in die verlede tyd oorgeskryf.)
   c) Die span gee 'n kreet van blydskap toe hulle wen / het bly uitgeroep dat hulle gewen het.
   d) Emile het van pyn geskree/'n uitroep van pyn gegee.
   e) Beatrice snik angsbevange dat sy nou in die moeilikheid is.
   Hier val die klem op letterlike en figuurlike betekenis.

## Taalfokus 3: Letterlike en figuurlike betekenis — LB bladsy 81

Hier val die klem op letterlike en figuurlike betekenis.

### Antwoorde

6. a) Letterlike betekenis: Moenie op 'n ander plek deur die tuin stap as op die paadjie nie.
   Figuurlike betekenis: As jou pa jou die eerste keer alleen laat uitgaan, sal hy dalk sê jy moet op die regte paadjie bly. Dit beteken, moenie dinge doen waaroor jy later skaam of spyt sal wees nie.
   b) 'n Klip uit die pad rol – vir iemand help/'n guns bewys.

## Taalfokus 4: Dubbelpunt en kommapunt — LB bladsy 81

### Antwoorde

7. a) Dit reën ononderbroke; ons gaan voort met die produksie.
   b) Die man wil weet: "Gaan julle nog vandag klaarmaak?"

## Taalfokus 5: Woordeboekgebruik — LB bladsy 81